**Verwelkoming van nuwe studente en hul ouers**
Coetzenburg, 18:00, 25 Januarie 2018
**Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch**

Dankie, [me] Tonia [Overmeyer, Direkteur: Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture, en seremoniemeester van die geleentheid.] Goeienaand, almal! *Molweni. Good evening, everyone*. Dit is wonderlik om julle almal hier te hê! Welkom aan al die ouers en voogde in die gehoor. Ek verwelkom ook die lede van die Universiteitsraad sowel as studenteleierskapstrukture.

Die werklike eregaste vanaand is ons nuwelingeerstejaars! En ek moet sê, julle lyk spoggerig in jul Matie-T-hemde … ’n see maroen! Welkom, Maties!

Daardie T-hemde van julle het ’n belangrike simboliese betekenis. Nes ons almal dieselfde maroenkleurige bloed in ons are het as mense, is ons ook almal maroen as Maties. Of ons nou swart of wit is, Engels, Afrikaans of Xhosa, van die stad of die platteland, ryk of arm, van Suid-Afrika of elders, student of personeellid … ons is almal deel van die Matiefamilie, verenig in ons diversiteit.

Hier streef ons daarna om **INKLUSIEF** te wees. Ons respekteer mekaar – ongeag ons verskille. Trouens, ons vier ons diversiteit, want dit maak ons sterker. Ons hanteer almal met waardigheid, ongeag velkleur, taal, geslag, seksuele oriëntasie, geloofsoortuigings of politieke sienings.

Julle sluit by die Universiteit Stellenbosch aan op ’n baie spesiale tydstip van ons geskiedenis – ons **EEUFEESJAAR**. Dis reg, Maties word vanjaar 100 jaar oud ... wat jul Matie-T-hemp van 2018 ’n versamelaarsitem maak ... so bewaar dit soos goud!

Dít is een van die **onderwerpe** wat ek graag in my toespraak wil aanroer – ons **Eeufees**. ’n Ander belangrike onderwerp is die **waterkrisis** waarvoor ons te staan kom weens die droogte in die Wes-Kaap. Albei hierdie aspekte blyk ook duidelik uit die tekens hier op en om die veld.

So, eers ons Eeufees. Die Universiteit Stellenbosch het in 1918 met net 503 studente en 40 dosente in vier fakulteite begin. Vandag spog ons met meer as 31 000 studente en 3 000 personeellede in tien fakulteite op vyf kampusse in die streek.

Julle is ’n baie spesiale groep, ons Eeufeesinname. Stellenbosch het ongeveer 33 000 aansoeke vir vanjaar ontvang, maar ons kan slegs 5 000 nuwe eerstejaars inneem. So, julle is inderdaad ’n sorgvuldig uitgesoekte groep.

Stellenbosch lok jaar ná jaar topkandidate van oor die land en die res van die wêreld, want dit is ’n top-universiteit. Ons is bekend vir ons akademiese **UITNEMENDHEID**, wat uit ’n aantal aanwysers blyk. So byvoorbeeld:

- is ons studentesuksessyfer konsekwent ongeveer 85%, een van die hoogstes in die land;
- ken ons gereeld rekordgetalle grade en ander kwalifikasies toe; en
- het ons die hoogste navorsingsuitset per voltydse akademiese personeellid van alle Suid-Afrikaanse universiteite.

Daarom is dit g’n wonder dat ’n beduidende getal van verlede jaar se 24 topmatrikulante landwyd nou hier op Stellenbosch is nie. As ons na een vak in die besonder kyk – Wiskunde – het twee derdes van die matrikulante in Suid-Afrika wat meer as 90% in Wiskunde behaal het, by Maties aansoek gedoen.

Ek is trots om te kan noem dat vier uit elke 10 nuwelingeerstejaars wat toelating tot Stellenbosch gekry het, matriek met ’n gemiddeld van meer as 80% geslaag het. En as ons 70% as maatstaf gebruik, sluit dit sommer agt uit elke 10 van julle in. Wel gedaan, ouens!

Nou, ek moet julle waarsku, dis ’n groot sprong van skool tot universiteit. Eerstejaar is nie graad 13 nie! Julle sal baie hard moet werk, reg van die begin af!

Die goeie nuus is dat hulp byderhand is. Julle word deel van ’n ekosisteem van steun. Dit is ’n geïntegreerde omgewing waar almal saamwerk. Soos ons vandag hier sien, is ons akademici, bestuur en studente almal in pas met mekaar en saam verantwoordelik vir ’n suksesvolle akademiese en

sosiale omgewing. As jy vasval, vra vir hulp, reik uit vir ondersteuning. Want die uitnemendheid waarvoor Stellenbosch die afgelope 100 jaar bekend geword het, is gebou op ’n gees van onderlinge steun, vriendskap en saamwees.

Met die viering van ons Eeufees erken ons Stellenbosch se onlosmaaklike band met vorige, huidige en toekomstige geslagte. Ons vier ons vele suksesse en prestasies die afgelope eeu, maar die Universiteit erken terselfdertyd ook sy bydrae tot die onreg van die verlede. Daaroor het ons diepe berou. Ons vra onvoorwaardelik om verskoning aan die gemeenskappe en individue wat uitgesluit was van die historiese voorregte wat die Universiteit Stellenbosch geniet het. Ons bring ook hulde aan die kritiese Matiestemme van destyds, wat aanhou praat het al is hulle verstoot. En uit verantwoordelikheid teenoor die huidige en toekomstige geslagte verbind die Universiteit Stellenbosch hom onvoorwaardelik tot die strewe na ’n inklusiewe wêreldklasuniversiteit in en vir Afrika.

Dít is ons droom, want ons deel voormalige president Nelson Mandela se oortuiging dat “onderwys die kragtigste wapen is om die wêreld mee te verander”. Ons is bevoorreg om ons Eeufees te vier in dieselfde jaar wat Madiba ook sý 100ste verjaardag sou gevier het.

Hy het natuurlik ’n kernrol vervul in Suid-Afrika se oorgang na demokrasie in 1994. En twee jaar later, in 1996, het hy ’n eredoktorsgraad van die Universiteit Stellenbosch ontvang. Volgens die bewoording van sy commendatio het Maties Madiba vereer as ’n “simbool van bemagtiging deur leer”, ’n “ikoon van vrede en versoening deur onderhandeling” en “die vergestalting van geregtigheid en deernis”. Dít is ’n nalatenskap waaraan die Universiteit Stellenbosch aanhou hulde bring, en een waaraan ons sal vashou noudat die Universiteit sy tweede bestaanseeu betree.

Nou vir die ander hoofonderwerp van my toespraak: die **WATERKRISIS** in die streek. Hierdie kosbare hulpbron waarvan alle lewe afhanklik is, is nou meer bedreig as ooit vantevore. Ons is in die greep van ’n ongekende droogte in die Wes-Kaap, met dam- en reservoirvlakke wat bly daal. Trouens, dit is so erg dat die moontlikheid dat die krane kan opdroog al hoe sterker word. “Dag Zero” is ’n werklikheid … tensy ons almal saamwerk om ’n ramp te voorkom.

Daar is twee sye aan hoe ons hierdie krisis hanteer – voorsiening en verbruik. Aan die voorsieningskant doen die owerhede en die Universiteit alles moontlik om bykomende water te bekom, byvoorbeeld deur boorgate.

Tog sal dít nie genoeg wees nie. Ons moet ook drasties minder water verbruik. Nou, die Universiteit het reeds baie gedoen om die watervoetspoor van ons vyf kampusse – Stellenbosch, Tygerberg, Bellvillepark, Saldanha en Worcester – te verklein. Dít sluit in die installering van waterslim stortkoppe in koshuise sowel as waterbesparingstoestelle aan krane en in toilette. Elektroniese watermeters word ook geïnstalleer om die watergebruik in geboue te meet en lekkasies op te spoor.

Tog sal ook dít nie genoeg wees as elke liewe een van ons nie ons waterverbruik verminder nie. Baie verminder. Die Stad Kaapstad het reeds ’n mikpunt van 50 liter per persoon per dag gestel, en Stellenbosch Munisipaliteit kan moontlik dieselfde doen. Vyftig liter per dag. Dis die totale hoeveelheid vir ál jou waterverbruik, waar jy ook al gaan – hetsy tuis, in die koshuis, op kampus of in die dorp.

En die enigste manier om dit te doen, is deur ons gedrag te verander. Moenie ’n bad tap nie; stort liewer vinnig – hoogstens 90 sekondes lank – en gebruik ’n emmer om die water op te vang. Gebruik dan daardie water in die toilet, en spoel dan ook net wanneer dit absoluut nodig is. Vang boonop ander vorme van gryswater op, soos uit die wasmasjien.

Daar is nog baie ander dinge wat gedoen kan word. Kom ons gesels daaroor. Kom ons soek saam na kreatiewe en vindingryke oplossings. Soos die drie Chemiestudente van Maties wat verlede jaar vorendag gekom het met ’n manier om hulle spesifieke laboratorium se waterverbruik met ten minste 3 000 liter per week te verminder. En die drie nagraadse studente in Aardwetenskappe wat hulle landwye studie van Suid-Afrika se grondwaterhulpbronne met skarefinansiering onderneem.

Dís mos die Matiegees! Dís hoe ons hierdie krisis sal oorleef – met kreatiwiteit en vindingrykheid, onderlinge steun, vriendskap en deur saam te staan.

Dieselfde beginsels geld vir julle **GESONDHEID en VEILIGHEID**. Kyk asseblief na julself en mekaar, en pas jul besittings op. Kampussekuriteit is daar om te help. En tree altyd so op dat jy jouself beskerm. As ’n universiteitsektor, is ons ook kwesbaar vir MIV/vigs, TB, seksueel oordraagbare infeksies en geslagsgebaseerde geweld. Vermy faktore wat veilige gedrag in gedrang bring. Die Universiteit Stellenbosch is verbind tot die waardes van omgee en steun vir almal.

Julle sal later vanaand die geleentheid hê om julle drome vir die toekoms neer te skryf. Om universiteit toe te gaan is vir baie ’n droom, maar nie almal kry die geleentheid om daardie droom te bewaarheid nie. Dít is waarom ons die aankondiging van bykomende finansiering van die staat verwelkom. Dit het implikasies vir huishoudings in twee inkomstekategorieë: tot en met R350 000 en tot en met R600 000 per jaar – maar onthou, jy moet om hierdie finansiering aansoek doen. Ons Sentrum vir Beurse en Lenings sal graag help.

Ten **SLOTTE**, dames en here, julle het ’n wonderlike geleentheid wat vanaand hier begin. Nou is dit julle verantwoordelikheid om die grootste moontlike voordeel daaruit te put. Kom ons gaan saam vorentoe, *let us go forward together, masiye phambili*. Dankie.

Kom ek stel nou die lede van die **REKTORAAT** aan julle bekend:

Prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig

- Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie & Nagraadse Studie
- Prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
- Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisasie
- Prof Stan du Plessis, Bedryfshoof
- Ons Registrateur, Dr Ronel Retief, is vandag met siekverlof.

Ook die DEKANE van ons FAKULTEITE is vandag hier:

- Prof Jimmy Volmink, Dekaan: Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe
- Prof Samuel Tshehla, Dekaan: Krygskunde
- Prof Nicola Smit, Dekaan: Regsgeleerdheid
- Prof Louise Warnich, Dekaan: Natuurwetenskappe
- Prof Danie Brink, Dekaan: AgriWetenskappe
- Prof Reggie Nel, Dekaan: Teologie
- Prof Anthony Leysens, Dekaan: Lettere & Sosiale Wetenskappe
- Prof Johan Malan, waarnemende Dekaan: Ekonomiese & Bestuurswetenskappe
- Ons Dekaan: Ingenieurswese, prof Wikus van Niekerk, en ons waarnemende Dekaan: Opvoedkunde, prof Yusuf Waghid, het verskoning gevra dat hulle nie vanaand hier kan wees nie.